KOSHUISREËLS: KAREEHOFKOSHUIS

1. KLEREDRAG

1.1 Niemand mag die koshuisterrein verlaat gedurende die week sonder skool - of skoolsportdrag nie, behalwe na sport/kultuuroefening.

1.2 **TYDENS ETES**: leerders moet netjies geklee wees en mag in die somer wel kaalvoet eet.

1.3 **TYDENS STUDIE**: wanneer dogters voor studie reeds gebad het, moet hulle kamerjasse oor hulle slaapklere dra wanneer in die studiesaal studeer. Seuns mag nie kaal bolyf in die koshuis rondloop nie.

1.4 Dogters moet ten alle tye fatsoenlik geklee wees en hul kleredrag mag nie aanstoot gee nie.

1.5 Alle klere **MOET** gemerk wees.

2. SNOEPIE

2.1 Leerders mag sakgeld koshuis toe bring. Alle gelde word Maandae in die kluis gebêre. Ouers moet asb die geld in 'n koevert, beursie of sakkie sit wat duidelik gemerk is. Maak maar seker daar is kleingeld in sodat die kind nie met groot geld moet rondloop nie. Merk ook duidelik of dit noodgeld of snoepiegeld is.

2.2 Alle geld wat in die leerders se kaste gehou word, word op eie risiko gehou.

2.3 Geen leerders word gedurende die week toegelaat om dorp toe te gaan nie. Geen toesigkrag mag leerders om watter rede ook al, dorp toe laat gaan nie.

3. BESOEKERS

3.1 Alle besoekers **(OUERS INGESLUIT**) word by die voordeur van die koshuis in die ingangsportaal ontvang. Geen ouer/persoon mag verby die ingangsportaal beweeg vanaf Maandagmiddag tot Vrydagoggend voor skool nie. Ouers mag wel in die koshuis kom Maandaeoggende vanaf 08:00 tot 10:00 en Vrydae vanaf 11:00 (koshuis word skoongemaak). Geen besoekers of ouers mag dus gedurende die week sonder verlof van die koshuismoeder of die toesigkrag aan diens die seuns- of dogterskant (gange of kamers) betree nie. Toegang sal geweier word.

3.2 Geen manspersoon (broers en pa's ingesluit) word tydens die week in die dogterskant toegelaat sonder dat hy vergesel word deur 'n koshuistoesigkrag nie. Dit geld ook vir ma's en sussies aan die seunskant.

3.3 Wanneer ouers hul kinders gedurende die week besoek, moet hulle in die ingangportaal aanmeld en wag sodat hul kind geroep kan word.

3.4 Ouers wat hul kinders gedurende die week na die kafee of elders wil neem, moet eers reëlings tref met die betrokke toesigkrag. Die kind moet uit-en teruggeteken word voordat terrein verlaat mag word. Geen ander leerder mag saamgaan sonder hulle eie ouers se toestemming nie.Tydens inspeksie kan kinders egter nie toegelaat word om uit te gaan nie nie, aangesien elkeen sy/haar pligte moet nakom.

3.5 Leerders wie na 'n partytjie genooi is, se ouers moet vooraf per whatsapp 0609610073 of e-pos kareehofkoshuis@gmail.com met die koshuisouers reël. Die betrokke ouer wat die leerling kom haal moet elkeen van die koshuis-leerlinge wat partytjie toe gaan uitteken asook terug. Geen kind sal toegelaat word om partytjie by te woon as korrespondensie nie ontvang is nie.

3.6 Geen koshuisleerder mag tydens die week by maats gaan kuier of uitslaap nie.

4. ETES

4.1 Leerders moet goeie tafelmaniere openbaar en sal aangespreek word indien nie.

4.2 Almal moet in die eetsaal wees, al wil hy/sy nie eet nie.

4.3 Kos kan slegs uitgehou word aan leerders indien vooraf gereël word deur sportafrigers, wat 'n lys vooraf stuur met name. Ander buitemuurse aktiwiteite moet asb nie tydens etes gereël word nie.

4.4 Daar moet orde en stilte in die eetsaal wees.

4.5 Geen eetgerei mag na die kamers of elders verwyder word nie.

4.6 Geen leerder mag 'n telefoonoproep maak of ontvang tydens ete nie.

4.7 Besoekers wag in die kantoor totdat ete verby is. Geen besoeker mag in 'n leerder se kamer gaan wag nie.

4.8 Leerders mag nie met kos mors nie.

4.9 Broodjies word tydens studiebreek aan leerders voorsien.

4.10 Tafelhoofde (Gr. 6/7 leerders) hou toesig by elke tafel en sien toe dat alle leerders kos kry, eet en goeie maniere handhaaf.

5. STUDIE

5.1 Geen leerder mag in sy/haar kamer studeer nie. (Slegs die top 10 leerders van Graad 7 mag elders studeer).

5.2 Studietye moet streng nagekom word.

5.3 Geen lenery of rondlopery sal tydens studie geduld word nie.

5.4 Leerders met probleme kan gedurende pouse of na studie vrae aan die toesigkrag rig. Nie tydens studie nie.

5.5 Laatstudie sal slegs in hoogs uitsonderlike gevalle toegelaat word en dan slegs met die toestemming van die koshuisvader.

5.6 Stilte is 'n vereiste in die studiesaal. Niemand praat met mekaar nie.

5.7 Kamerdeure moet oop gelaat word tydens stilte en studie. Ligte moet afgeskakel word en kaste moet altyd gesluit wees.

5.8 Geen telefoonoproepe mag tydens studie, ete of na ligte uit gemaak of ontvang word nie.

5.9 Leerders wat studietyd verloor a.g.v. een of ander rede moet hierdie verlore tyd instudeer.

5.10 Die studiesaal is vir leerders beskikbaar vir studie tot 16:30.

5.11 Daar mag nie in die eetsaal, badkamers en kamers gehardloop en gespeel word nie.

6. BADKAMERS

6.1 Laat die badkamers in dieselfde toestand as waarin jy dit ontvang het.
6.2 Toilette moet gespoel word na gebruik.
6.3 Moenie water mors of in die badkamers speel nie.
6.4 Geen lawaaiery sal in die badkamers toegelaat word nie.
6.5 Klere en ander besittings wat in die badkamer rondlê sal geskut word.
6.6 Maak krane toe na gebruik.
6.7 Prefekte moet toesien dat badkamers drooggemaak word nadat almal klaar gestort of gebad het.

7. KOMBUIS

7.1 Die kombuis is buite perke vir enige leerder, behalwe onder toesig of per opdrag. Dit is vir die veiligheid van ons leerders.
7.2 Yskaste mag nie sonder toestemming deur kinders gebruik word nie.
7.3 Die kombuis is nie 'n deurloop vir ouers of kinders nie.
7.4 Ouers mag slegs die kombuis besoek tydens afdek na etes en met die toestemming van die senior matrone.

8. KAMERS EN GANGE

8.1 Kamers word deur leerders self uitgevee en afgestof voor inspeksie.
8.2 Tydens inspeksie is kaste oop en kinders op hul bed.
8.3 Kamers moet ten alle tye netjies wees. Ook in die namiddag.
8.4 Alle kaste moet gesluit wees as leerders nie in die kamer is nie.
8.5 Alle breekskade wat deur 'n leerder veroorsaak is, moet dadelik aan toesigkrag of koshuisvader/-moeder gerapporteer word. Indien nie sal so ‘n leerder beboet word.
8.6 Hardloop of speel in die gange is verbode.
8.7 Geen elektriese apparaat mag in kamers gebruik word nie.
8.8 Geen leerder mag in ‘n ander leerder se kamer ingaan indien die inwoners van daardie kamer nie teenwoordig is of toestemming gegee het nie.
8.9 Die name van al die inwoners in ‘n kamer moet teen die deur aangebring word.
8.10 Prente mag slegs met die goedkeuring van die koshuisvader opgeplak word.
8.11 Daar mag nie op beddens gespring of in kamers gespeel word nie.
8.12 ‘n Spaarsleutel vir alle slotte moet by die koshuismoeder ingehandig word vir veilige bewaring.
8.13 Tydens stiltetyd moet alle leerders op hulle beddens sit en stilte hou.

9. TELEFOON

9.1 Oproepe slegs in toegelate tye.
9.2 Dogters gebruik ‘n WCC [World Call Card] foon met kode. Kode is by telefoon opgeplak. Tel no: 053 5910180
9.3 Tydens stiltetye, etenstye, studietye asook in die aand vanaf 19:00 en na ligte uit mag geen oproepe gemaak of ontvang word nie.
9.4 Noodnommers vir koshuis : 0609610073 : Koshuisvader: Louis Fourie (0782060916) en koshuismoeder: Charmaine Fourie (0828765458).
9.5 Geen selfone word in die koshuis toegelaat nie. Selfone moet op Sondagaande voor Bybel deur leerders ingehandig word en Maandae vóór skool, by die koshuismoeder of –vader. Indien ‘n selfoon wel in besit van ‘n leerder gevind word, sal die foon summier tot aan die einde van die kwartaal gekonfiskeer word.
9.6 Indien ouers met toesigkragte wil skakel (of andersom) kan die koshuis se selfoon geskakel word. Die nommer is: 0609610073
9.7 Leerders mag op Dinsdae en Donderdae vanaf 18:00 tot 18:30 hulle eie selfone slegs in die eetsaal gebruik om hulle ouers te skakel. Daarna word dit weer ingehandig.
9.8 Selfone moet asb **DUIDELIK** gemerk word met die leerder se naam.

10. NAWEKE

[Geen personeel is naweke aan diens nie, net tydens buitebesprekings]

10.1 Daar word geen aandete op Sondagaande in die koshuis bedien nie.
10.2 Die koshuis sluit elke naweek om 14:00 op ‘n Vrydag en open Sondagmiddag om 16:00.
10.3 Sondae-aande lui die ligte uit klok om 20h30.
10.4 Vakansies moet leerders se kamers ontruim word sodat Koshuis skoongemaak kan word.

11. VERBODE AREAS VIR LEERDERS

11.1 Alle apparaat bv. TV stel, yskaste, ketels, wasmasjien, lugreëlings ens.
11.2 Woonstelle van koshuispersoneel.
11.3 Kombuis, store en waskamer.
11.4 Leerders mag nie op die skoolterrein of skoolsportgronde wees indien hulle nie amptelik by buitemuurs betrokke is nie. Daar moet eers 5 min voor die tyd by buitemuurs aangemeld word, tensy anders deur afrigters gereël.

12. ALGEMEEN

12.1 DIE KOSHUIS SE HEKKE SLUIT OM 17:00 ELKE DAG VAN DIE WEEK, SONDAE 19:00 en VRYDAE OM 14:00.
12.2 DIEFSTAL SAL ONMIDDELLIKE VERHOOR EN UITSETTING UIT DIE KOSHUIS TOT GEVOLG HÊ.
12.3 SEUNS WAT IN DIE DOGTERSKANT EN DOGTERS WAT IN DIE SEUNSKANT GEVANG WORD SAL NA ‘N VERHOOR ONMIDDELLIK UIT DIE KOSHUIS GESIT WORD. (ONGEAG DIE REDE)
12.4 Stiltetye moet ten alle tye eerbiedig word. (Sit op jou bed al is jy klaar)

12.5 Geen ouer mag ‘n saak of probleem met enige ander leerder bespreek sonder die toestemming en teenwoordigheid van die koshuisvader of-moeder nie!
12.6 Geen leerder mag medisyne in sy/haar besit hê nie. Dit word ingehandig en in die kas gebêre.
12.7 Elke kind moet ‘n 2L roomysbak met basiese medisyne hê. Kopseerpille, pleisters, maagpyn- en maagwerkpille en iets vir naarheid.
12.8 Vul asseblief die medisynelys in wanneer u medisyne vir u kind na die koshuis saamstuur.
12.9 Items word geskut wanneer: Dit in die badkamers bly lê, dit na donker nog buite lê, wanneer daar met speelgoed tydens stilte en studie gespeel word, wanneer daar na ligte- uit daarmee gespeel of gepeuter word en wanneer dit tydens naweke op die sypaadjieof terein agterbly.
12.10 Ouers word versoek om alle klagtes skriftelik aan die koshuisvader/koshuisbestuur te rig. Dit het geen nut om by ander ouers te kla oor huishoudelike sake in die koshuis nie. Hulle is in geen posisie om iets aan die saak te doen nie. Slegs skriftelike klagtes sal hanteer word en daarvoor kan u dan ook skriftelike terugvoer verwag.
12.11 Koshuisverblyf is ‘n voorreg en nie ‘n reg nie. ‘n Kind kan a.g.v. swak gedrag of gereëlde oortredings sy/haar verblyf in die koshuis verbeur.
12.12 Monitors is tot hulp vir die toesigkragte met die gr. 1,2,3 leerders.
12.13 Die elektriese heining word saans aangeskakel en leerders dra kennis daarvan. Dit is buite perke vir leerders.
12.14 Leerders beweeg daagliks oor die pad deur gebruik te maak van die voetoorgang. In die oggende voor skool en in die middae na skool beweeg hulle onder begeleiding van die skolierpatrolle oor die pad. Alle leerders moet in die oggende reeds voor 7h20 oor die pad wees want dan pak die skolierpatrollie op.
12.15 Indien ‘n leerder siek voel of enige ander probleem ervaar, moet hy/sy eers die toesigkrag in kennis stel voordat sy/haar ouers gekontak word. Die toesigkrag sal eers self poog om die probleem op te los of om die nodige medikasie toe te dien. Indien die toesigkrag nie die probleem kan oplos nie, sal dit met die koshuismoeder bespreek word.
12.16 Geen vandalisme sal geduld word nie en ouers sal ‘n rekening ontvang vir enige skade berokken.

13 KRONIESE MEDIKASIE:

13.1 Ouers moet skriftelik met die skool reël indien hulle kinders medikasie op ‘n gereelde grondslag moet neem, bv. Antibiotika. Ritalin word onder kontrole deur die sekretaresse van die skool aan leerders gegee. Voltooi vorm i.v.m. medikasiebesonderhede en oorhandig dit aan koshuismoeder. ‘n Mediese voorskrif moet vir hierdie medikasie ingehandig word alvorens die personeel dit vir die kind kan gee.
13.2 ‘n Inskrywing moet in die lêer in die medisynekamer in koshuis gemaak word indien ‘n leerder elke dag medikasie moet neem. Medisyne sal aan leerders gegee word, slegs wat in hulle blik is, soos nodig.

14 DAGSKOLIERE

14.1 Dagskoliere moet gebruik maak van die kamer wat vir hulle ingerig is. Geen dagskoliere in koshuisleerders se kamers nie.
14.2 Koshuisetekaartjies moet vóór 10:00 by die kantoor gekoop word. Dagskoliere wat in die koshuis eet se name word in die koshuisboek geskryf vir kontrole by die koshuis. Leerders wat te laat koshuiskaartjies kom koop kan ongelukkig nie daardie dag eet nie, aangesien kos volgens getalle voorberei word.
14.3 Indien ‘n dagskolier se ouers ‘n krisis het wat veroorsaak dat leerders later in die Koshuis moet bly kan dit telefonies met die koshuismoeder of –vader gereël word.
14.4 Ouers van dorpskinders laat hulle kinders op eie risiko by die koshuis eet , studeer en vertoef. Dagskoliere moet skriftelik aansoek doen om in die koshuis te eet en studeer en mag nie selfone koshuis toe bring nie.
14.5 Geen dorpskinders mag by die koshuis met sy/haar maatjie kom speel nie.

Maandag tot Woensdag

05:45	**Wakker klok**
06:00	**Opstaan**
06:20	**Inspeksie**
06:30	**Stilte**
06:40	**Ete**
07:20	**Skooltoe (Koshuis sluit)**
14:05	**Ete**
15:00	**Studie**
15:30	**Studie verdaag (Sport vir graad 4 – 7)**
16:50	**Terein Inspeksie**
17:30	**Ete en aand Godsdiens**
18:50	**Studie**
19:40	**Breuk**
19:50	**Inspeksie**
20:00	**Studie Graad 4-7 gaan voort** **Graad 1 – 3 slaaptyd**
20:40	**Studie verdaag**
20:50	**Stilte Tyd**
21:00	**Ligte uit**

Donderdag

05:45	**Wakker klok**
06:00	**Opstaan**
06:20	**Inspeksie**
06:30	**Stilte**
06:40	**Ete**
07:20	**Skooltoe (Koshuis sluit)**
14:05	**Ete**
15:00	**Studie**
15:30	**Studie verdaag (Sport vir graad 4 – 7)**
17:00	**Terein Inspeksie**
17:15	**Ete en aand Godsdiens**
17:30	**VCSV begin**
18:00	**VCSV eindig**
18:45	**Studie**
19:35	**Breuk**
19:45	**Inspeksie**
20:00	**Studie Graad 4-7 gaan voort** **Graad 1 – 3 slaaptyd**
20:45	**Studie verdaag**
20:50	**Stilte Tyd**
21:00	**Ligte uit**

Eksamen

06:15	**Wakker klok**
06:30	**Opstaan**
06:50	**Inspeksie**
07:00	**Stilte**
07:10	**Ete**
07:45	**Skooltoe (Koshuis sluit)**
13:00	**Ete**
14:00 – 14:30	**Rustyd**
14:50	**Studie**
15:30	**Breuk**
15:40	**Studie**
16:10	**Studie Verdaag**
17:00	**Terrein Inspeksie**
17:30	**Ete Aand Godsdiens**
18:50	**Studie**
19:40	**Studie Breuk**
19:50	**Studie** **Graad 1 – 3 slaaptyd**
20:30	**Studie verdaag**
20:50	**Stilte Tyd**
21:00	**Ligte uit**